

## 17 Januarie 2 Konings 6:13-17, (Teks: 6:17)

### ***Here, maak tog sy oë oop dat hy kan sien***

Die magtige leër van die Arameërs het Elisa en sy slaaf in Dotan omsingel. In opdrag van hulle koning moes die leër vir Elisa gevange neem. Toe Elisa se slaaf die oggend vroeg opstaan, was hy verskriklik ontsteld om die vyandige leër rondom hulle te sien: "wat gaan ons nou maak?"

Elisa, wie se lewe in die eerste plek bedreig was, kon egter kalm en hoopvol bly. Dit is nie dat Hy die gevaar misgekyk of ontken het nie. Hy was wel deeglik bewus daarvan. Hy het egter meer as die sigbare bedreiging gesien. Elisa het met die geloofsoog gekyk. Daarom het hy vir die beangste slaaf gebid: "Here, maak tog sy oë oop dat hy kan sien". Daarop het die slaaf se oë oopgegaan. Hy kon die leërs van die Here rondom hulle raaksien. Hulle was veel magtiger as die leër van die Arameërs. Wanneer ons in ons lewe moontlik oorweldigende weerstand of gevaar beleef, raak ons maklik paniekerig. In wanhoop vra ons: "Wat gaan ons nou maak?" Ons moet bid dat die Heilige Gees ons geloofsoë mag oopmaak. Ons moet die Here van die leërskare raaksien. Deur Jesus Christus is Hy ons God en ons Beskermer. Legioene van engele staan gereed om op sy bevel te reageer. Hulle is baie meer en magtiger as enige gevaar wat ons kan bedreig.

As ons hierdie geloofsvisie ontvang, kom ons opnuut tot die besef: "God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?" Hy het ons doodsvyand oorwin. Ons deel reeds in die oorwinning. Waarom dan nog vreesbevange wees?

Sing: Psalm 18:13  
(Potchefstroom)

Prof. F.P. Viljoen (Teologiese Skool)